basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V2

## FEBRUARIE/MAART 2014

## MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## VOORSTELLE EN AANBEVELINGS VIR NASIENERS

- Verwys dikwels terug na die vrae en die merkmemorandum gedurende die merksessie.
- Dit is raadsaam om die vraag dikwels te lees (en herlees) tesame met die kandidaat se respons om na te gaan of dit korreleer sodat jy nie deur die kandidate se stellings/antwoorde mislei word nie.
- Wees versigtig om nie op sleutelwoorde of algemene stellings te konsentreer nie, maar om eerder die hele antwoord te lees. Indien twyfel bestaan, lees die hele antwoord en daarna die vraag in die vraestel en dan die merkmemorandum. Vra jouself of jou senior merker of die respons in die merkmemorandum kan 'pas' om die regte punte aan die kandidaat toe te ken, byvoorbeeld die memo gee 'goedkoop' en die leerder se respons is 'nie duur nie'.
- Wees bewus van antwoorde op 'n spesifieke vraag wat oorvleuel. In die algemeen word een punt per feit toegeken.

## AFDELING A

### VRAAG 1: PASITEMS

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | N ✓ | (1) |
| 1.2 | P ✓ | (1) |
| 1.3 | G ✓ | (1) |
| 1.4 | R ✓ | (1) |
| 1.5 | S ✓ | (1) |
| 1.6 | E ✓ | (1) |
| 1.7 | B ✓ | (1) |
| 1.8 | H ✓ | (1) |
| 1.9 | M ✓ | (1) |
| 1.10 | C ✓ | (1) |
| | **TOTAAL : [10]** | |

### VRAAG 2: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | A ✓ | (1) |
| 2.2 | C ✓ | (1) |
| 2.3 | B ✓ | (1) |
| 2.4 | D ✓ | (1) |
| 2.5 | C ✓ | (1) |
| 2.6 | A ✓ | (1) |
| 2.7 | D ✓ | (1) |
| 2.8 | A ✓ | (1) |
| 2.9 | C ✓ | (1) |
| 2.10 | B ✓ | (1) |
| | **TOTAAL : [10]** | |

**TOTAAL AFDELING A: 20**

## AFDELING B

## VRAAG 3

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.1 | • 'n Ooreenkoms dat enige herstelwerk aan die rekenaar ✓ op die perseel/by die skool/in die mediasentrum gedoen sal word ✓ | 1<br>1 | 2 |
| 3.2 | • SVE ('CPU')<br>• LSG ('RAM')<br>• Grafikakaart<br>• Hardeskyf<br><br>✓✓ (Enige twee) | | 2 |
| 3.3.1 | • Monitor ✓ of skerm | 1 | |
| 3.3.2 | • 'n Raakskerm met meervoudige kontakpunte ✓ | 1 | |
| 3.3.3 | • Diagonaal gemeet ✓<br><br>(*Nota aan merker: Aanvaar van linkerhoek onder na regterhoek bo of linkerhoek bo na regterhoek onder of enige ander korrekte kombinasie.)* | 1 | 3 |
| 3.4 | • Gebruik minder krag ✓ | | 1 |
| 3.5 | • Eksterne hardeskyf<br>• Flash-aandrywer met groot stoorkapasiteit, bv. 16 GG of groter<br>• Blu-ray DVD<br>• Wolkberging, SkyDrive, Dropbox, Google Drive, ens.<br><br>(*Nota aan merker: Ken slegs die punt vir die flash-aandrywer toe indien die kandidaat na 'n grootte verwys wat 10 of meer GG data kan stoor.)*<br><br>✓✓ (Enige twee) | | 2 |
| 3.6 | • Vertoon 'n beeld op die skerm ✓ | | 1 |
| 3.7 | • Vaslegging van beelde/videos<br>• Laat VoIP (Skype)/videotelefoonoproepe toe<br>• Saai lewendige beelde oor die Internet uit<br>• Gesigsherkenning – sekurteitseienskappe, ens.<br><br>✓✓✓ (Enige drie) | | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.8.1 | • 'n DVD stoor meer data as 'n CD ✓ | 1 | |
| 3.8.2 | • 'n Mens kan lees, skryf, ✓ en data uitvee ✓ op 'n DVD-RW<br><br>(*Nota aan merker: Aanvaar DVD ROM – slegs lees, kan nie skryf of uitvee nie.*) | 2 | |
| 3.8.3 | • Flieks<br>• Musiek<br>• Musiekvideos<br>• Komplekse programmatuur, bv. toepassingspakkette<br>• Vervaardiger se instruksies<br>• Bedryfstelsel/Windows<br>• Ontwikkelaar se notas soos 'Read me' tekslêers, ens.<br><br>✓✓ (Enige twee) | 2 | |
| 3.8.4 | • LightScribe ✓ /LabelFlash/LabelTag | 1 | 6 |
| 3.9.1 | • 'n LAN is 'n netwerk in 'n lokale of beperkte area ✓ wat rekenaars en toestelle koppel ✓ | 1<br>1 | |
| 3.9.2 | • Skoolmediasentrum/binne 'n skool<br>• Binne 'n huis, ens.<br><br>*(Nota aan merker: Aanvaar enige korrekte voorbeeld van 'n toepaslike plek vir 'n LAN.)*<br><br>✓ (Enige een) | 1 | 3 |
| 3.10 | • Bedryfstelsel ✓ of stelselprogrammatuur | | 1 |
| 3.11 | • Gebruik 'n ergonomies ontwerpte sleutelbord/gemakssleutelbord<br>• Gebruik palm-/polsstutte<br>• Behou 'n goeie postuur/neem gereelde ruskanse, ens.<br><br>(*Nota aan merker: Aanvaar slegs EEN verwysing na postuur, byvoorbeeld: hande, voete, rug, ens. )*<br><br>✓✓ (Enige twee) | | 2 |
| | | | **[26]** |

## VRAAG 4

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.1 | • Bluetooth ✓ | | 1 |
| 4.2.1 | • Alle basiese vermoëns/spesifikasies wat vir die KKTK ('SOHO') gebruiker benodig word<br>• 'n Relatief goedkoop rekenaar<br>• Kan sommige komponente op 'n later stadium opgradeer, ens.<br>✓✓ (Enige twee) | 2 | |
| 4.2.2 | • Kleiner LSG ('RAM')<br>• Kleiner hardeskyf<br>• Stadiger verwerker/nie topklas ('state-of-the-art') verwerker nie<br>• Het slegs ingeboude grafika en klank<br>• Het waarskynlik minder USB-poorte/geen HDMI poorte nie, ens.<br>• Geen webkamera/multi-kaartleser/videokaart, ens. nie<br>✓ (Enige een) | 1 | 3 |
| 4.3.1 | • Kode wat aan programmatuur toegeken is ✓ wat gebruikers moet inlees om die programmatuur te installeer en gebruik ✓ | 1<br>1 | |
| 4.3.2 | • Voorkom programroof ('piracy') ✓ of verseker dat gebruikers vir die program betaal | 1 | 3 |
| 4.4.1 | • Maak die werkverrigting van die rekenaar stadiger<br>• Maak toegang tot die hardeskyf stadiger<br>✓ (Enige een) | 1 | |
| 4.4.2 | • Skyfdefragmenteerder/Defragmenteringsinstrument/Skyf-'defragger' ✓<br>(*Nota aan merker: Aanvaar enige aanvaarbare nutsprogram byvoorbeeld, Defraggler.*) | 1 | 2 |
| 4.5.1 | • 'n Ikoon op 'n werkskerm ('desktop') of in 'n lêergids ✓ wat 'n gebruiker 'n direkte koppeling gee na 'n hulpbron soos 'n program, lêer, drukker, skyfaandrywer, ens. ✓ | 1<br>1 | |
| 4.5.2 | • Toegang tot/Navigeer deur/Vertoon webblaaie ✓ | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.6 | • **Probleem**: Die hardeskyf bevat nie die lêers wat vir die laaiproses benodig word nie<br>• **Oplossing**: Herlaai/Herstel die bedryfstelsel en herlaai/Herlaai die bedryfstelsel<br><br>• **Probleem**: 'n nie-selflaaiende CD is in die aandrywer teenwoordig<br>• **Oplossing**: Verwyder die CD en herlaai/Herlaai die bedryfstelsel<br><br>• **Probleem**: Dit is die resultaat van 'n korrupte bedryfstelsel<br>• **Oplossing**: Herlaai/Herstel die bedryfstelsel en herlaai/Herlaai die bedryfstelsel<br><br>Probleem ✓ tesame met 'n toepaslike oplossing ✓ | | 2 |
| 4.7.1 | • Oopbronprogrammatuur verskaf toegang tot die bronkode wat gebruik en verander kan word<br>• Oopbronprogrammatuur kan vrylik versprei word (maar nie verkoop word nie)<br>• Gratis<br>• Het beperkte kopiereg (*Die meeste Gratis en Oopbronprogrammatuur ('Free and Open Source software') ('FOSS') het 'n algemene lisensie soos die General Public Licence ('GNU' 'GPL') wat sommige beperkings het, soos die erkenning van die oorspronklike bron, ens.*)<br><br>✓✓ (Enige twee) | 2 | |
| 4.7.2 | • Daar mag baie min/geen tegniese ondersteuning/geen ondersteuning deur die ontwikkelaar verleen word nie<br>• Daar mag minder opleidingsgeleenthede/handleidings of studieklasse ('tutorials') beskikbaar wees as vir eiendomsregtelike programmatuur<br>• Programmatuur word dalk nie so wyd gebruik soos eiendomsregtelike programmatuur nie<br>• Programmatuur is dalk nie met ander eiendomsregtelike programmatuur versoenbaar nie<br>• Mag minder funksies as ander eiendomsregtelike programmatuur bevat, ens.<br>✓✓ (Enige twee) | 2 | 4 |
| 4.8.1 | • Installeer programmatuurverbeterings<br>• Maak programmatuurprobleme (haakplekke/'bugs') reg/voorkom foute op jou rekenaar)<br>• Verseker dat veiligheidsmaatreëls in plek geplaas word<br><br>✓✓ (Enige twee) | 2 | |
| 4.8.2 | • Die aflaai- of installeringsproses sal onderbreek word ✓ en foute of korrupsies in die programmatuur veroorsaak ✓ | 1<br>1 | 4 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.9 | • Bedryfstelsel<br>• Nutsprogramme<br><br>*(Nota aan merker: Aanvaar enige spesifieke nutsprogram, byvoorbeeld drywerprogramme, antivirusprogram, ens. Moenie enige handelsname aanvaar nie.)*<br>✓✓ (Enige twee) | | 2 |
| 4.10.1 | • 'n Kopie/duplikaat-lêer ✓ of -program | 1 | |
| 4.10.2 | • Rugsteun gereeld<br>• Stoor op 'n aparte stoormedium<br>• Hou weg van die perseel af/op 'n ander plek/in 'n vuurbestande kluis/in die wolk<br><br>✓✓ (Enige twee) | 2 | 3 |
| | | | **[27]** |

## VRAAG 5

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.1 | • Die Internet is 'n wêreldwye koppeling van netwerke ✓ en rekenaars<br>• Die wêreldwyeweb is 'n Internetdiens wat bestaan uit 'n versameling van gekoppelde elektroniese bladsye ✓/Word dikwels daarna verwys as die multimedia gedeelte van die Internet | 1<br>1 | 2 |
| 5.2 | • Soekenjin ✓<br><br>(*Nota aan merker: Moenie enige soekenjinname aanvaar nie, d.i. Google, ens.*) | | 1 |
| 5.3 | • Deel apparatuur/randapparatuur<br>• Deel data en inligting<br>• Deel programmatuur<br>• Deel 'n Internettoegangspunt<br>• Sentraliseer die data<br>• Dit is makliker om die programmatuur in stand te hou<br>• Verbeter kommunikasie, bv. Intranet, ens.<br><br>✓✓ (Enige twee) | | 2 |
| 5.4 | • E-pos<br>• Kitsboodskapdienste<br>• Kletskamers<br>• Blogs<br>• Wikis<br>• Aanlyn sosiale netwerke<br>• Videotelefoonoproepe/VoIP<br>• Aanlynvergaderings<br>• Videokonferensies<br>• Draadlose boodskapdienste<br>• Groepsteunprogrammatuur ('groupware'), ens.<br><br>(*Nota aan merker: Moenie enige handelsname of voorbeelde aanvaar nie.)*<br>✓✓ (Enige twee) | | 2 |
| 5.5 | • Perseellisensie/multigebruikerslisensie ✓ | | 1 |
| 5.6 | • Netwerkkoppelvlak-kaart ✓<br><br>(*Nota aan merker: Aanvaar netwerkkaart of NKK/('NIC').*) | | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.7 | • Steuring - mure, plafonne, ander elektriese toestelle in die huis kan die netwerkkommunikasie onderbreek<br>• Gebrek aan sekuriteit/Ongemagtige gebruikers (bv. 'war drivers') mag die Internetkoppeling gebruik<br>• Reikwydte mag beperk wees<br>• Dataoordragspoed kan soms stadig wees, ens.<br>✓ (Enige een) | | 1 |
| 5.8.1 | • Kwarantyn is 'n aparte area van die hardeskyf ✓ wat die aangetaste lêer hou totdat die virus/kwaadwillige programmatuur ('malware') verwyder kan word ✓ | 1<br>1 | |
| 5.8.2 | • Formateer/Herformateer die hardeskyf ✓ en herinstalleer toepassings | 1 | 3 |
| 5.9 | • Apparatuur en/of programmatuur (nutsprogram) ('utility program') ✓ wat die rekenaar teen kwaadwillige/ongematige toegang ✓ tussen netwerke of 'n rekenaar en 'n netwerk✓beskerm | 1<br>1<br>1 | 3 |
| 5.10 | • Beperk toegang tot die netwerk – gee gebruikersname en wagwoorde<br>• Hou gebruikersregte, bv. lees/skryf/taalversorg, in stand<br>• Wagwoorde/enkripsie op lêers, ens.<br>✓✓ ( Enige twee) | | 2 |
| 5.11.1 | • 'n E-posboodskap/SMS ✓ wat voorgee om van 'n wettige instansie soos 'n bank af te kom, ✓ wat probeer om persoonlike en/of finansiële inligting ✓ te bekom | 1<br>1<br>1 | |
| 5.11.2 | • Verander enige wagwoorde wat onder verdenking gestel is ✓<br>• Stel die betrokke bank/finansiële instansie in kennis ✓ | 1<br>1 | 5 |
| 5.12.1 | • Kennisgewing/Boodskap in 'n opwipvenster ('pop-up') ✓ | 1 | |
| 5.12.2 | • Spraak-na-teks-program ✓ | 1 | |
| 5.12.3 | • Voeg byskrifte/sub-titels by ✓ | 1 | 3 |
| | | | **[26]** |

## VRAAG 6

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.1 | • Databasis ✓ | | 1 |
| 6.2 | • Slimfoon<br>• E-boekleser, ens.<br><br>(*Nota aan merker: Aanvaar handelsname soos Kindle of iPad of tablet/tabletrekenaar.)*<br><br>✓ (Enige een) | | 1 |
| 6.3 | • Inligting op die web moet (teen ander webtuistes) ge-evalueer word<br>• Kontroleer of die webwerf van 'n gerekende instansie af is, soos 'n welbekende universiteit<br>• Kontroleer die kenner/outeur en hulle geloofbaarheid<br>• Kontroleer of die inliging huidig aanvaar word (dat dit nie verouderd is nie)<br><br>✓✓ (Enige twee) | | 2 |
| 6.4.1 | Uitsluitlike wettige eienaarskap ✓ wat gehou word deur mense soos outeurs/kunstenaars/ontwikkelaars/organisasies vir die duplisering/publisering/verspreiding/uitsaai/verkoop ✓ van hulle boeke/kuns/werk/musiek/materiaal/rekenaar-programme/intellektuele eiendom✓<br><br>*(Nota aan merker: aanvaar toestemming word benodig om oorspronklike werk, of gedeelte daarvan, te kopieer/gebruik in die plek van enige een van die opsies hierbo.)* | 3 | |
| 6.4.2 | • Voeg 'n bibliografie by<br>• Gebruik verwysings soos eindnote/voetnote/kruisverwysings, ens.<br>• Gebruik die verwysingseienskap ('citation tool') van die woordverwerkingsprogram, ens.<br>• Voeg hiperskakels na webtuistes by<br><br>✓✓ (Enige twee) | 2 | 5 |
| 6.5.1 | • Vorms ✓ /Elektroniese vorms | 1 | |
| 6.5.2 | • Geslote vrae/Vrae met slegs een moontlike antwoord<br>• Ondubbelsinnige vrae<br>• Vrae moet aan die onderwerp/soektog verwant wees<br>• Vrae waar die respondent die antwoord uit 'n lys/radioknoppies/ kombinasiekieslys, ens. kies<br>• Vrae moet kort en op die man af wees, ens.<br><br>✓✓ (Enige twee) | 2 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6.6.1 | • Benodig 'n toepaslike drywer (program) vir die bedryfstelsel<br>• Papier opeenhoping<br>• Geen inkhouer nie<br>• Geen papier nie<br>• Nie behoorlik gekoppel nie/nie aangeskakel nie<br>• Drukwerk wat in die drukkerstou vassit, ens.<br><br>✓✓ (Enige twee) | 2 | |
| 6.6.2 | • Inkhouers bevat gifstowwe ✓/beskadig die omgewing<br>• Inkhouers kan herwin/hervul word ✓ | 1<br>1 | 4 |
| 6.7 | • RSS-voere✓ | | 1 |
| 6.8.1 | • Programmatuur wat die vermoëns van die webdeurblaaier uitbrei/toelaat dat spesiale multimedia-inhoud vertoon word ✓ | 1 | |
| 6.8.2 | • PDF ✓ | 1 | 2 |
| 6.9.1 | • Toegang tot blogs kan deur mense buite die belangegroep verkry word ✓<br>• Die e-posboodskap mag dalk nie al die voorgenome gemeenskapslede bereik nie ✓ /Sy het dalk nie al hulle e-posadresse nie | 1<br>1 | |
| 6.9.2 | • 'n Kort boodskapdiens ✓/laat gebruikers toe om kort teks (100 - 200 karakters) te publiseer | 1 | |
| 6.9.3 | • Medewerking ('collaboration') ✓ met leerders of ander onderwysers | 1 | |
| 6.9.4 | • Twitter ✓ | 1 | 5 |
| 6.10 | • Dit is moontlik om 'n baie wyer teikengehoor /meer kliënte/'n wêreldwye mark te bereik<br>• Makliker om interaksie te hê/te kommunikeer met kliënte/terugvoer te kry, ens.<br>• Bou besigheid-kliëntverhoudings deur sosiale media<br>• Bemarkingskoste is relatief goedkoper as wanneer gedrukte media gebruik word<br><br>✓✓ (Enige twee) | | 2 |
| | | | **[26]** |

**VRAAG 7**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.1.1 | • Gebruikernommer ✓ | 1 | |
| 7.1.2 | • Opsoekgidsprogram ('Lookup wizard') ✓ | 1 | |
| 7.1.3 | • '10 OR 11' ✓<br><br>(*Nota aan merker: Aanvaar slegs die volle kriteria.*) | 1 | |
| 7.1.4 | • Eienskap van die verslag ('report'): Groepering ('Grouping') ✓ | 1 | |
| 7.1.5 | • Afdeling van die verslag ('report'): Verslagonderskrif ('Report footer') ✓ | 1 | |
| 7.1.6 | • Invoer ('Import') ✓ | 1 | 6 |
| 7.2 | • Gebruik die beskermings ('protection') -eienskap ✓ | | 1 |
| 7.3 | • Gebruik die aanlynhulp<br>• Gebruik die geïnstalleerde ('offline') hulp<br><br>✓ (Enige een) | | 1 |
| 7.4 | • Maak die Task Manager ✓ oop/Druk Ctrl+Alt+Delete(Del)<br>• Beëindig die taak ✓ | 1<br>1 | 2 |
| 7.5.1 | • Dit is 'n kwaadwillige boodskap ✓ wat teen 'n nie-bestaande virus waarsku ✓ | 2 | |
| 7.5.2 | • Deur na 'n gespesialiseerde webtuiste te soek ✓ (soos Snopes) | 1 | |
| 7.5.3 | • Die bedrystelsel mag miskien nie meer werk nie ✓ | 1 | |
| 7.5.4 | • Spam/gemors e-pos ✓ | 1 | 5 |
| 7.6.1 | • Kwaadwillige progammatuur ('Malware') laai en stuur data in die agtergrond<br>• Outomatiese opdaterings voer uit/loop<br>• Rondblaai op die Internet gebruik die datalimiet aangesien dit aflaai ('downloading') is<br>• Die gesin se Wi-Fi-sein kan gekaap wees/deur 'n ander gebruiker gebruik word, ens.<br><br>✓✓ (Enige twee) | 2 | |
| 7.6.2 | • Gebruik opsporings-/moniteringsprogrammatuur ✓ wat vanaf die IDV ('ISP') beskikbaar is | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.7.1 | • Om 'n rekenaarspeletjie teen ander mense/'n rekenaar ✓ te speel<br>• Moet intyds ('real time') aan die Internet ✓ gekoppel wees | 1<br>1 | |
| 7.7.2 | • Die mediasentrum word nie op 'n Saterdag vir opvoedkundige doeleindes gebruik nie<br>• Die eise wat aanlyn-rekenaarspeletjies aan bandwydte stel, sal die Internettoegang vir ander leerders gedurende die week stadig maak<br>• Spelers wat die rekenaars gedurende die week gebruik mag verhoed dat ander leerders hulle skoolwerk doen<br>✓✓ (Enige twee) | 2 | |
| 7.7.3 | • Gesondheidskwessies: geen fisiese aktiwiteit/gewigstoename/ oogstremming/HSB ('RSI')/KTS ('CTS')/rugpyn, ens.<br>• Sosiale kwessies: swak sosiale vaardighede/swak menseverhoudings/swak kommunikasievaardighede<br>• Werk/skoolwerk ly/word afgeskeep/akademiese prestasie mag afneem<br>✓✓ (Enige twee) | 2 | |
| 7.7.4 | • GPS ✓ | 1 | 7 |
| | | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING B: 130**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou